

## Die lied van Moses en die lied van die Lam (OP11)

### Openbaring 14:14-15:4

27 September 2020

Sedert ons 'n paar weke gelede met Op 12 begin het, is ons besig met die tweede hoofdeel van die boek Openbaring. Ons het gesê in hierdie deel gee God vir ons insae in die storie agter die storie. Die eerste helfte van die boek het ons baie inligting gegee oor wat ons kan verwag gaan gebeur – in hierdie deel gee God vir ons insae in hoekom dit gebeur. Tot dusver het ons na 5 visioene gekyk: die eerste drie het gehandel oor die drie diere wat teen die Drie-Enige God en sy kerk werk. In die vierde visioen is die gelowiges bemoedig met 'n herinnering aan waarheen hulle op pad is – dit is om deel te wees van die 144 000 wat by die Lam op Sionsberg bymekaar kom. Die vyfde visioen was waarskuwings aan die mensdom dat hulle God moet dien, nie op Babilon moet vertrou nie, en ook dat die eindbestemming van die ongelowiges 'n ewige pyniging is, gekenmerk deur selfverwyte en onrustigheid. Vandag bereik ons die einde van die eerste onderdeel van die tweede helfte van die boek. Ons gaan na twee visioene kyk – daar is dus sewe visioene in hierdie onderdeel van die tweede helfte van die boek. Die eerste visioen word in Op 14:14-20 beskryf, en die tweede in Op 15:2-4. Beide handel oor die finale oordeel en die gevolge daarvan.

#### Die visioen oor die graanoes en die wynoes (Op 14:14-20)

In hierdie verse het ons beskrywing van die finale oordeel. Dit word gedoen aan die hand van twee oesbeskrywings. In verse 14-16 word dit beskryf as 'n graanoes, en in verse 17-20 as 'n druiwe-oes.

Kom ons kyk eers na die graanoes. Johannes beskryf hy het 'n wit wolk gesien waarop daar iemand gesit het soos die Seun van die Mens. Ek vertrou dat ons almal teen hierdie tyd direk die konneksie maak terug na Daniël 7 toe waar die Seun van die Mens op 'n wolk na die Vader gaan. Daar het ons gesê is dit 'n verwysing na Jesus. In Op 1:7 het ons ook gelees dat Jesus weer sal kom met die wolke. Boonop lees ons in Mat 24:30-31 dat die Seun van die Mens op die wolke sal kom, die groot trompet sal blaas en Hy sal Sy engele uitstuur om die uitverkorenes bymekaar te maak vanuit die vier windstreke. Boonop leer vers 14 dat Hy 'n goue kroon op Sy kop het, wat sekerlik Sy heerskappy onderstreep. Trouens ons het al verskeie kere verwys na Op 19:12, waar beskryf word dat Hy baie heerserskrone dra. En verder leer Op 4:4 ons dat die ouderlinge ook sulke goue krone dra. Voeg hierby dat Hy in Sy hand 'n skerp sekel het wat tog die instrument is om bymekaar te maak en te oordeel – dan lyk dit tog na 'n uitgemaakte saak dat dit Jesus is wat hier gaan oordeel. Dit is ook my persoonlike oortuiging.

Maar daar is 'n paar probleme. Een so 'n probleem is vers 15, waar 'n engel uit die tempel kom en aan die Seun van die Mens die opdrag gee om te gaan oes. Dit klink vreemd – dat 'n engel aan Jesus 'n opdrag gee. Een moontlike verklaring wat hiervoor gegee word, is dat ons moet onthou dat net die Vader weet wanneer die oordeelsdag gaan plaasvind. In Mark 13:32 lees ons: “Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit”. Nou, daar is opinies dat al het Jesus nie na Sy mensheid geweet wanneer die einde kom nie, is dit moeilik om te glo dat Jesus na Sy hemelvaart steeds nie geweet het nie. Sommige kommentare wil dus die gevolgtrekking maak hierdie Seun van die Mens is nie Jesus nie, maar net nog 'n engel. Die probleem is egter Mark 13 leer dat die engele ook nie weet nie. Ek vind hierdie redenasie onbevredigend. Ek dink ons moet bloot raaksien dat hierdie engel van die Vader kom (hy kom immers uit die hemel uit) en bloot aan Jesus die tyd aankondig – ongeag of Jesus weet wanneer die tyd sou aanbreek of nie (ek dink nie Jesus weet nie, maar ek dink nie hierdie

gedeelte werp primêr lig hierop nie). Al met al is my siening dit is Jesus self, wat 'n boodskap van die Vader deur die engel ontvang om te oes.

Let ook op, die rede hoekom die oes nou moet plaasvind, is omdat die oes ryp is. In die lig van wat ons gelees het vir die gelowiges gesê is wie se siele onder die altaar was met die oopmaak van die vyfde seël, beteken dit dat almal wat moet inkom, het nou ingekom.

In verse 17-20 word die druiwe-oes beskryf op 'n soortgelyke wyse as die graanoes. Hierdie keer is dit egter nie die Seun van die Mens wat 'n sekel het om te oes nie, maar bloot 'n engel wat uit die hemel kom. Dit verduidelik verder hoekom sommiges twyfel of die Seun van die mens in die graanoes werklik Jesus is. Ek kom netnou hierna terug. Weereens is daar nog 'n engel wat aan hierdie engel die opdrag gee om die druiwe-oes te oes, want die druiwe is ryp. Hierdie engel kom van die altaar se kant af en het mag oor die vuur. Kan ek jou herinner aan wat ons van vuur gelees het in Op 8:3-5. Daar was 'n engel wat wierook saam met die gebede van die gelowiges geoffer het, waarvan die rook opgestyg het voor God. Die gevolg hiervan was dat die engel toe vuur van die altaar gevat het en dit op die aarde gegooi het, wat onder andere aanleiding daartoe gegee het dat die finale oordeel aanbreek het. Vuur is dus simbool van oordeel. Hier in Op 14 sien ons dat die engel met die sekel dan wel sy sekel insteek en die druiwe oes – wat weereens die finale oordeel aandui. Die druiwe word in die parskuip van God se toorn gegooi. Onthou wat ons in vers 10 gelees het: die wat die dier aanbid sal moet drink van die wyn van God se toorn. In Jes 63:1-3 word vir ons beskryf dat God die volke oordeel deur hulle te trap in die wynpers.

Volgens vers 20 word die parskuip buitekant die stad getrap. Lees Joël 3:11-14. Duidelik gryp die beskrywing van Op 14 terug na Joël 3. Daar word ook na 'n oes en 'n druiwe parskuip verwys. In hierdie gedeelte word die nasie geoordeel. Let op waar die oordeel plaasvind – Josafatlaagte, dit is buite die stad. Watter stad moet ons in gedagte hê as ons lees die parskuip word buite die stad getrap? Ons moet twee dinge onthou: (1) Wie word getrap in die parskuip? Tog sekerlik die wat die dier aanbid en sy merk dra – dus die ongelowiges. Dis tog wat ons in vers 9 gelees het. (2) Onthou waar die 144 000 bymekaar kom – op Sionsberg (vers 1). Onthou ook wat ons destyds gesê het toe ons na hierdie gedeelte gekyk het – Sionsberg is sinoniem met Jerusalem. Die 144 000 het die Naam van die Nuwe Jerusalem op hulle geskryf. Verder leer Op 21:27 niemand losbandigs of onrein sal ooit in die Nuwe Jerusalem kom nie. Die parskuip word dus buite Jerusalem getrap – want dit is al die ongelowiges, maar ook net die ongelowiges, wat daarin getrap word. Die gelowiges is almal deel van Jerusalem.

Ons lees ook dat die bloed tot aan die tooms van die perde raak en 1600 km ver strek = letterlik 1600 stadia ver strek. Die beste verklaring hiervoor is dat ons 1600 moet sien as  $4 \times 4 \times 10 \times 10$ . Die getal 4 verwys dikwels na die hele aarde – kyk na Op 7:1 waar verwys word na die 4 hoeke van die aarde. Die getal 10 is natuurlik 'n volheidsgetal. 1600 wil dus verwys na die hele aarde – hierdie oordeel tref dus al die aardbewoners.

Hoekom word daar vir ons twee oesbeskrywings gegee? En hoekom is Jesus die Een met die sekel in die graanoes, terwyl dit 'n engel is met die sekel in die druiwe-oes? Let ook op die druiwe-oes beskryf duidelik die oordeel oor die wat die dier aanbid as hulle getrap word in die parskuip, maar die graanoes bevat nie dieselfde detail nie. Voeg hierby wat ons lees in Mat 3:12 waar dit duidelik blyk dat daar twee elemente aan die oordeel is: enersyds die bymekaar maak van die koring in die skuur, en andersyds die verbranding van die kaf. Daar is dus kommentatore wat redeneer die graanoes in Op 14, waar Jesus betrokke is, verwys na die bymekaar maak van die gelowiges, terwyl die druiwe-oes dan handel oor die oordeel van die ongelowiges. Dit kan seker wees. Maar Jesus is tog ook Regter oor die ongelowiges. Boonop in Jes 63:1-3 was dit juis God wat die parskuip getrap

het. Ek dink al wat ons moet sê is dat ons hier twee beskrywings het van dieselfde oordeel wat beide die bymeekaarmaak van die koring asook die verbranding van die kaf insluit. Die rede hoekom daar twee beskrywings is, is waarskynlik in aansluiting by Joël 3, waar daar ook na die twee oesbeskrywings verwys word. Verder het ons in Mat 24:30-31 gelees dat Jesus gaan kom om te oordeel en dat Hy Sy engele gaan uitstuur om Sy uitverkorenes bymekaar te maak. Dit blyk dat Jesus die engele gebruik, en moontlik is dit hoekom daar in die druiwe-oes bloot sprake is van 'n engel. Ek dink ons moet daarmee volstaan.

#### Die visioen oor die spieëlgladde see met vuur daarin (Op 15:2-4)

Kom ons kyk vervolgens na die tweede visioen – dit is die visioen wat handel oor die spieëlgladde see met vuur daarin in Op 15:2-4. Kan ek net eers die volgende opmerking maak: Vers 1 lei die volgende nuwe gedeelte van die boek in deur die sewe engele wat die sewe laaste plae bring, te beskryf. Dit is egter eers van vers 5 af dat daar meer detail oor hulle beskryf word. Vers 2-4 pas logies beter by die voorafgaande gedeelte, soos ons nou sal sien. Dit is nie die eerste keer dat ons hierdie tipe oorgang van die een gedeelte na die volgende sien nie. Kyk maar weer na Op 8. In vers 2 word die sewe engele genoem wat die sewe trompette gaan blaas – maar dit word eers vanaf vers 6 in detail beskryf. Verse 3-5 dien as oorgang deurdat dit die sewe seëls afsluit, sowel as die sewe trompette inlei. Ons het iets soortgelyks hier.

In vers 2 beskryf Johannes dat hy 'n spieëlgladde see gesien het met vuur daarin. Hy sien ook dat die mense wat die oorwinning oor die dier, sy beeld en sy getal behaal het, by hierdie see staan. Teen die tyd verstaan ons wie hulle is – hulle is die gelowiges. Aan die begin van Op 14 is hulle beskryf as die 144 000 wat by die Lam op Sion staan. Ons lees dat hulle by hierdie spieëlgladde see gestaan het met siters. Dit klop ook met wat ons van die 144 000 gelees het in Op 14:2 – hulle het ook siters gehad. Wat wel hier ekstra bygevoeg word, is dat hierdie siters aan hulle gegee is deur God. Vers 3 beskryf verder vir ons dat hulle ook 'n lied sing – netsoos wat ons van die 144 000 gesien het. Volgens Op 14:3 het hulle 'n nuwe lied gesing, terwyl ons hier lees dat hierdie mense die lied van Moses en die Lam sing.

Wat sou die spieëlgladde see beteken? Onthou dat ons in Op 4:6 in daardie heerlike troonvisioen ook al gelees het dat daar voor God se troon 'n spieëlgladde see was. Hier in Op 14 word bygevoeg dat daar vuur in hierdie see was. Vuur is duidelik 'n simbool van oordeel – ons het immers sopas gelees van die oordeel wat die ongelowiges tref. Elders word dit beskryf dat hulle in die poel van vuur gegooi word. Onthou nou verder dat hulle o.a. die lied van Moses sing. Maar onthou, Moses het die volk 'n lied geleer pas nadat die Egiptenare in die Rooi See verdrink het. Lees Eks 15:1-6. In hierdie lied word God geprys. Hulle sing van God se verhewendheid, van hulle redding, die vernietiging van hulle vyande, God se trou, die vrees wat dit by die nasies inboesem, en dat God regeer tot in ewigheid. Die see met vuur daarin verwys dus terug na die Rooi See. Daar is God se vyande vernietig deur God se oordeel. Onthou verder dat Daniël 7 se diere het uit die see gekom, so ook die dier uit die see. Maar nou is die see stil. Soos die Egiptenare doodgemaak is, is die oordeel ook gevel oor die diere en hulle navolgers. Soos ons gesien het die 144 000 'n nuwe lied sing oor hulle redding, so het Moses (die verlosser deur wie die volk uit Egipte gelei is) hulle 'n lied geleer oor hulle redding. Noudat die oordeel verby is, sing hierdie mense met die siters by die spieëlgladde see ook 'n lied. Dis die lied van Moses, dis 'n nuwe lied, dis ook die Lied van die Lam – want dit is die Lam wat hulle gered het, dis ook die Lam wat geoordeel het.

Kan ek ook net noem daar is nog 'n lied wat Moses die volk geleer het. Die lied word in Deut 32 beskryf. Lees Deut 31:19-22. Dit was kort voor die volk die beloofde land sou intrek. Deur die lied wil God deur Moses die volk leer dat hulle getrou moet bly aan God se bepalings. Die lied besing die

grootheid van God (vs 1-4), Sy redding van die volk (vs 5-17), maar as die volk God vergeet, kondig God oordeel aan deur die nasies (vs 18-35). Dit sluit af met God wat oor hierdie nasies sal oordeel en vrede vir Sy volk sal bewerk (vs 36-43). Weereens, besing hierdie lied ook God, Sy redding van Sy volk, maar ook oordeel oor Sy vyande.

Kom ons kyk na die inhoud van die lied wat hulle sing in Op 15:3-4.

- Dit begin met “Groot en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige”. Hier besing hulle God as die Almagtige, dus van God se mag om wonderlike dade te doen, en besing hierdie wonderlike dade. Watter dade? Dit sluit in: God se skepping, hulle versorging, hulle redding, en dat God nou geoordeel het – onthou hulle het spesifiek met die oopmaak van die vyfde seël gevra wanneer God gaan oordeel.
- Dan sê hulle “Reg en betroubaar is U optrede, Koning van die nasies”. Hulle besing God as die Koning van die nasies. Ons sien dikwels hoe mense wat baie mag het, veral konings of politieke leiers, hulle mag misbruik met ernstige onregverdige gevolge vir ander. Maar as hierdie mense na God se dade kyk, en dit oordink, kom hulle tot die gevolgtrekking God het reg en betroubaar opgetree. Selfs die finale oordeel wat sopas beskryf is, moet hulle erken was regverdig. God het voldoende kere vooruit gewaarsku, en die straf pas by die oortreding.
- Die gevolg is dat hulle die logiese afleiding maak: “Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie?” Enersyds is God groot en almagtig, andersyds is Hy betroubaar deurdat Hy doen wat Hy vooruit aangekondig het, en verder is Hy regverdig wanneer Hy oordeel. Hy is goed, maar ook regverdig streng. En Hy bewerk heerlike groot dinge. Eerlikwaar, Hy moet gevrees en verheerlik word! Dit is die redelike ding om te doen!
- En dan: “Want U alleen is heilig”. Hoe meer ek oor God se eienskappe dink, hoe meer kom ek onder die indruk dat God se heiligheid alles dryf. Onthou Sy heiligheid behels twee aspekte: Hy is gans anders as enige ander wese, Hy is uniek. Boonop is Hy perfek skoon, rein, heilig. Dis daardie unieke skoonheid wat God God maak. God wil Sy uniekheid demonstreer – daarom skep Hy ‘n heelal. Hoe wonderlik en fassinerend en uniek die heelal ookal is – maak nie saak watter maatstaf jy gebruik nie – God is nog meer so, Hy is uniek. Hy is heilig! Maar Hy is ook skoon, moreel skoon, perfek skoon en heilig. En Hy demonstreer dit deurdat Hy sonde definieer, deurdat Hy ‘n verlossingsplan definieer en implementeer, deurdat Hy oor die diere en die ongelowiges oordeel – regverdig oordeel – Hy is heilig, selfs Sy oordeel is heilig en regverdig. Sien jy, God se heiligheid dryf die skepping, die gebeure in die skepping, God se verlossingsplan, selfs Sy oordeel. Maar God se bedoeling is om dit bekend te maak. En die heerlike realiteit is dat hierdie mense by die spieëlgladde see het dit nou gesnap. Onthou jy Op 10:7: “Op die dag as die sewende engel op Sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy dit aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het”. Hier is God se verborge bedoeling: Sien raak dat Ek heilig is. Dis waarheen die profete gewerk het. En noudat die sewende engel geblaas het, nou sing die verlore menigte: “U alleen is heilig!” Is dit nie hoekom God nie net in die Bybel as heilig beskryf word nie, maar as heilig, heilig, heilig!
- En dan sluit hulle af: “Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat U handelwyse regverdig is”. Hier is bevestiging – hierdie mense is oortuig dit is die enigste logiese gevolgtrekking waarby almal moet uitkom: God moet aanbid word!

Sien jy die prentjie uit hierdie visioene? Aan die einde van die tyd, wanneer Jesus weer kom, breek die oordeelsdag aan. Sommige mense eindig dan in die parskuip van God se oordeel, waar hulle getrap word. Ander mense eindig by die spieëlgladde see met siters wat hulle van God ontvang. Wie

eindig waar? Wel, die mense wat op Babilon vertrou het, die mense wat net oor hierdie lewe en wat hierdie lewe hulle bied, besorgd was, eindig in die parskuip. Hulle het nie die Skepper raakgesien nie, maar agter skepsele aangeloop. Onthou, hulle was gewaarsku – Babilon gaan val, en dan gaan hulle van God se toorn moet drink. Die ander mense by die spieëlglatte see het 'n ander lewensuitkyk gehad. Hulle het die wonderlike skepping raakgesien, en begin wonder hoe moet die Een nie wees wat dit gemaak het nie. Hulle het hulle verdiep in wat die profete oor God gesê het, en begin verstaan dat God nie net almagtig is nie, Hy is boonop genadig en liefdevol. En Hy is ook regverdig. Maar veral: Hy is heilig. Hulle het ook 'n oënskynlike teenstrydigheid begin raaksien in hierdie lewe: As God dan goed is, hoekom is daar soveel onreg in hierdie lewe? Hulle het begin onderskei dat God hierdie onreg gebruik om daardeur kontrasterend duidelik Sy regverdigheid en heiligheid te demonstreer. Maar hulle sien ook: Hy bied verlossing uit genade aan die wat Hom soek. Hy straf eerder Sy eie Seun as om sonde oor te sien. En die wat nie in Hom glo nie, ontvang 'n regverdige oordeel. En dan snap hulle: maar dit alles demonstreer hoe heilig Hy is. Hierdie mense ontvang rus langs 'n spieëlglatte see – waar hulle uit oortuiging sing: Hy is groot, wonderbaarlik, almagtig, regverdig, betroubaar – en veral heilig!

Is jy al gefassineer deur God se heiligheid?